Vraag 1 Konstruksieprosese

Hierdie afdeling het ‘n verskeidenheid vrae oor konstruksie ingesluit, en is goed deur die meeste kandidate beantwoord.

Meer aandag moet egter aan knoopplate by staaldakkappe gegee word.

Vraag 2 Gevorderde Konstruksieprosesse

Bekisting is ‘n braakarea wat aandag moet geniet. Die onderdele in vraag 2.1.2 is gegee, maar die meeste van die kandidate het probleme met hierdie vraag ondervind.

Vraag 2.2 oor rib -en- blokvloere is goed beantwoord deur die meeste kandidate.

Die gehalte van sketswerk het baie verbeter in vergelyking met dié van verlede jaar.

Vraag 3 Siviele Dienste

Hierdie vraag is heeltemal onderskat deur die meeste kandidate. Aandag moet gegee word aan die korrekte name van sanitêre koppelings en die uitleg van dreineringsplanne.

Vraag 4 Materiale

Die eerste gedeelte van vraag 4 is deur die meeste kandidate goed beantwoord.
Die uitwerk van hoeveelhede is by baie kandidate nog ‘n groot probleem.

Vraag 5 Toegepaste Meganika

Die vraag oor skuifkragte is nie goed deur die meeste kandidate beantwoord nie.

Die vraag oor die berekening van sentroïedes is verbasend goed beantwoord.

Vraag 6 Grafiese Kommunikasie

Tekenwerk is steeds ‘n groot uitdaging vir die meeste kandidate. Te min aandag word aan grafiese kommunikasie gegee.